In institusionele gevangenisskap vasgevang?

Chris Jones

Die grootste fout wat 'n mens kan maak, is om niks te doen nie omdat jy gedink het jy kan te min doen! - ***Edmund Burke***

Mense is besig om die waardes van die gevestigde kerke van die moderniteit te weeg en te lig te bevind.

Kerke wat uit Europa na Afrika gekom en hulle Europese identiteit en teologie (grootliks) behou het, is besig om "markaandeel" te verloor, terwyl die onafhanklike kerke in Afrika asook die pinkster- en charismatiese kerke se lidmaatgetalle styg – onder andere vanweë die feit dat hulle hulleself in 'n nuwe, postmoderne tyd kontekstualiseer.

Die kerk van die toekoms sal die kerk wees wat onder meer op die nood van die samelewing fokus. Gevestigde kerke sal moet leer wegbuig van hulle verknogtheid aan tradisionalisme, van die verstaan van die evangelie binne die Afrikaner-ideologiese raamwerk en allerlei gemaksones.

Empiriese gegewens: hoekom goeie nuus?

Dit is lofwaardig dat 80% van gemeentes aandag aan armoede en werkloosheidsprojekte gee, en 71% aan gesinskrisisse. Alhoewel dié betrokkenheid nie gekwantifiseer word nie, is die behoefte en dringendheid by so baie gemeentes om 'n verskil (hoe gering ook al) in hierdie opsigte te maak, goeie nuus!

Want … die kerk van die toekoms is die kerk wat herstel kan uitleef teenoor diegene op wie daar neergesien word, wat stukkend langs die lewenspad lê en deur die samelewing opsy gestoot word. Ons sal móét slaag om op 'n beskeie wyse die hartklop van God hieroor te hoor, en om sy waardes vir die samelewing, huwelik en gesin nuut, vars en met deernis te leef.

Wat is die slegte nuus?

Die feit dat MIV/vigs, rassisme en seksisme nie baie aandag kry nie, en dat 50% van gemeentes niks aan vyf van die sewe reuse doen nie, is kommerwekkend, al verduidelik jy dit hóé.

Uit die geskiedenis van die vroeë kerk leer ons dat Christene mekaar en ánder mense uit liefde versorg en iets aan ongeregtigheid gedoen het. Ons lees byvoorbeeld dat daar in 'n stadium twee groot epidemies in die Romeinse Ryk was. In die eerste een is ongeveer 'n kwart tot 'n derde van mense in die Romeinse Ryk oorlede. Honderd jaar later het die tweede epidemie toegeslaan. Daartydens is ongeveer 5 000 mense per dag in Rome alleen oorlede!

Die Christene het in dié tyd meer as enige ander groep oorleef, omdat hulle na mekaar omgesien het. Ook het hulle ander siekes versorg. Ná elke epidemie het mense in groot getalle by Christelike gemeentes ingeskakel. Wat 'n uitdaging ten opsigte van MIV/vigs!

Verdere redes waarom die vroeë kerk so vinnig gegroei en ver versprei het, is dat hulle iets aan die vraagstukke en ongeregtighede van hulle tyd gedoen het. Dít is wat Christus vandag steeds vir die wêreld deur ons wil wees!

Wat kan hieraan gedoen word en wie moet dit doen?

Ons sit met goed opgeleide dominees en geestelike leiers wat gemeentes uit hulle "institusionele gevangenisskap" sal móét lei. Hiervoor is roepingsfokus, die wíl en die "know-how" nodig, asook gemeentes wat hulle leiers toelaat om dit te doen.

Saam hiermee is lewende geloofsgemeenskappe van noodsaaklike belang, byvoorbeeld kleingroepe wat hulle roeping en moontlikhede vir getuienis in afhanklikheid van die Woord en Gees uitsorteer.

Ten slotte: Dit sal ook ekumenies gedoen moet word, want die aanslae van die wêreld is net té sterk vir 'n "verdeelde" kerk!

● *Chris Jones was tot onlangs leraar by Ceresvallei. Hy is tans betrokke by die Kantoor vir Moraliteit van* Communitas/Buvton *en die* Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie.